

IDEES VIR 'N



opmekaar, stik kort kante van elke strook aan mekaar vas. Soom een rafelrand 5 mm breed om na verkeerde kant en plooi oorblywende rafelrand in. Daar moet nou vyf valletjies wees, een vir die nek en vier kleineres vir die polse en enkels.

Kop, hande en skoene: Vergroot onderdeel soos aangedui op diagram. Knip 2 skoene, 2 hande en 1 kop uit dubbelgevoude vilt.

Stik nate van skoene, hande en kop toe, maar laat been- en armopeninge en 5 cm van kop, vir nekopening, ongestik. Dop onderdeel na regte kant om en stop op.

Om hanswors saam te stel:

Knip 'n stuk rek 41 cm lank, en vou dit in die dwarste dubbel.

Druk vou in kop en stik nekopening toe (raadpleeg afb. 1). Ryg loshangende stukke rek deur nekvalletjie en werk dit in posisie aan kop vas. Ryg loshangende rek ook deur 11 groot segmente en een kleintjie.

Ryg nou op die twee stukke rek afsonderlik, vir bene, 18 klein segmente en 'n enkelvalletjie (afb. 2). Druk punt van rek in beenopening van stiel en werk opening met oorhandse stekies toe.

Knip 'n stuk rek 24 cm lank vir arms. Werk 'n hand aan een punt van rek vas. Ryg ander punt van rek nou deur 13 segmente en steek los punt deur lus waar lyf sal wees (raadpleeg afb. 3) net onder 4e segment onder kop en voltooi oorblywende arm.

Om hare te maak: Knip wol in stukkes van 10 cm. Vou dié stukkes dubbel oor 'n katoenbandjie en werk dit in posisie op die kop vas (raadpleeg afb. 4 en diagram).

Om hoed te maak: Knip hoed volgens patroon uit dubbelgevoude vilt. Stik synate toe. Dop om na regte kant. Werk pompon in posisie op hoed vas (raadpleeg foto). Werk hoed in posisie aan kop vas.

Knip gesig se onderdeeltjies uit oorskiet-vilt en plak dit met geskikte gom op gesig vas soos diagram aandui.

HANSWORS

(Diagram bl. 119)

BENODIGDHEDE: Reslappe van kleurige katoenstof om segmente te maak; vierkantige stukke vilt van 23 cm in rooi, swart, ligpienk en wit; 25 cm tussenbelegsel, 150 cm breed; 65 cm smal rek; opstopsele; katoenband; wol vir hare; 'n swart pompon vir hoed; bypassende garing.

AANWYSINGS

SEGMENTE: Lyf: Knip 11 sirkels met deursnee van 16,5 cm uit katoenstof en 11 met deursnee van 8,5 cm uit tussenbelegsel.

Arms en bene: Knip 63 sirkels met deursnee van 12 cm uit katoenstof en 63 sirkels met deursnee van 6,5 cm uit tussenbelegsel.

Om segmente te maak: Stik 'n ry rygsteke al om rafelrand van katoensirkels. Speld tussenbelegsel op verkeerde kant, in middel van katoensirkel, vas. Plooi rygsteke in, verwyder speld en knoop garing om plooitjies in posisie te hou. Maak 'n gaatjie in middel van elke sirkel.

Valletjies: Knip uit katoenstof een strook van 30 x 6,5 cm, twee stroke van 25,5 x 5 cm vir enkels en twee stroke van 15 x 4 cm vir polse.

Om valletjies te maak: Met regte kante



NUTTIGE KOMBUISVERSIERINGS (Bl. 77)

KERMIS

deur CAROL STONE
foto's TREVOR BARRETT

NUTTIGE KOMBUIS- VERSIERINGS

(Diagram bl. 126)

VATLAPPE

BENODIGDHEDE: 20 cm handdoekstof, 120 cm breed; genoeg geruite katoenstof om skuinsband te maak wat 2,25 m lank en 2,5 cm breed is of 2,5 m geruite OFFRAY-tafsynt; aanstryk-tussenvoering; stuk watteersel, 20 x 60 cm; bypassende garing. **Appliekwerk:** reslappe van geruite katoenstof; aanstryk-tussenvoering; bypassende garing; tikpapier; geskikte gom.

AANWYSINGS: Knip 6 stukke handdoekstof, 20 x 20 cm groot, en 3 stukke watteersel, 20 x 20 cm groot.

Doen nou eers die appliekwerk. Plaas aanstryk-tussenvoering met gomkant op verkeerde kant van vatlappe en stryk dit vas. Stryk aanstryk-tussenvoering aan verkeerde kant van reslappe vas. Knip appliek-onderdele uit gestrykte reslappe volgens diagram. Plak appliekonderdele nou met geskikte gom in posisie op regte kant van vatlap vas om verlangde ontwerp te vorm. Gebruik so min gom as moontlik.

Plaas verkeerde kant van vatlap op 'n vel tikpapier en stik sigsagsgewys al langs buitelyste van onderdele met bypassende garing. Trek papier van vatlap af.

Voltooi vatlappe nou só: Plaas 'n stuk watteersel tussen 'n versierde en 'n onvervierde vatlappe met regte kante na buite. Ryg dié drie stoflae in posisie vas. Knip rafelrande netjies. Boor buitenste rafelrande met skuinsband of geruite tafsylint om. Maak 'n hakie met skuinsband en werk dit in posisie vas (raadpleeg foto).
BLAAI OM

TAFELLINNE (Bl. 78)



Miskien is dit al amper
weer kermistyd in jou
omgewing. Maak nou al
'n paar goedjies

OONDHANDSKOEN

(Diagram bl. 126)

BENODIGDHEDE: 30 cm geruite katoenstof, 80 cm breed; stuk watteersel of enige ander geskikte stof, 30 x 40 cm; 30 cm katoenkant, 4 cm breed; bypassende garing; ongeveer 10 cm skuinsband om 'n hakie mee te maak.

AANWYSINGS: Vergroot patroon op diagram. Knip 4 handschoenpante uit geruite katoenstof en 2 uit watteersel. Plaas 'n stuk watteersel op verkeerde kant van elk van 2 handschoenpante. Met regte kante van dié handschoenpante opmekaar, stik al om buitenste rand en laat opening vir hand ongestik. Werk naat netjies af. Dop na regte kant om en stryk.


Met regte kante van oorblywende handschoenpante opmekaar, stik al om buitenste rand. Werk naat netjies af. Plaas verkeerde kant van dié handschoen binne die handschoen met watteersel, sodat verkeerde kante opmekaar is. Werk boonste rafelrand netjies af. Werk katoenkant op dié rand vas soos op foto gesien kan word.

Werk 'n skuinsbandhakie in posisie aan boonste rand vas.

BOTTELKAPPIES

BENODIGDHEDE: Vir een bottelkappie: stuk geruite katoenstof, 20 x 20 cm; 60 cm kant; 40 cm OFFRAY-satynlint, 5 mm breed; bypassende garing.

IDEES VIR 'N KERMIS



TAFELMAT-EN-VATLAPSTEL (Bl. 79)

AANWYSINGS: Knip 'n sirkel met 'n deursnee van 20 cm. Stik rafelrand 5 mm breed na verkeerde kant om. Werk katoenkant aan regte kant, al om rand vas.

Maak bottelkappies met behulp van 'n rekkie en 'n stuk lint oor die bottel se deksel vas.

KOMBUISHANDDOEK

BENODIGDHEDE: stuk handdoekstof, 70 x 40 cm; twee stukke geruite katoenstof, elk 7 x 40 cm; 10 cm skuinsband; bypassende garing.

AANWYSINGS: Soom albei lang kante van handdoekstof 1 cm breed na regte kant om. Stryk een lang en albei kort kante van albei stukke geruite katoenstof 1 cm breed na verkeerde kant om.

Speld regte kant van een stuk geruite katoenstof op verkeerde kant van handdoekstof vas met rafelrande opmekaar. Stik 1 cm van rafelrand af. Vou geruite katoenstof na regte kant om en stryk vou plat. Stik geruite katoenstof op rand vas. Doen dieselfde met ander kort kant van handdoekstof. Werk skuinsbandhakie in posisie aan handdoek vas.

TAFELLINNE

(Foto bl. 77)

TAFELDOEK

BENODIGDHEDE: 4,60 m blou katoenstof, 115 cm breed; die volgende hoeveelhede OFFRAY-satynlint: 6 m pienk, 56 mm breed; 6 m pienk, 15 mm breed; 6 m blou, 15 mm breed; 13,5 m pienk, 9 mm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Vou materiaal in die dwarsste dubbel en knip op voulyn. Met regte kante opmekaar, stik dié twee stroke aan mekaar vas om 'n vierkant te vorm. Werk naat netjies af. Stryk oop. Knip 'n sirkel met 'n deursnee van 2,30 m. Stryk buitenste

stof, 40 x 80 cm; 6 m blou satynlint, 9 mm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Knip 2 sirkels, elk met 'n deursnee van 37 cm. Stik rafelrand van albei sirkels, 1 cm breed na regte kant om. Stik lint op rafelrand in posisie vas.

Plaas verkeerde kant van een sirkel op regte kant van ander sirkel. Stik die twee sirkels aan mekaar vas met agt rye stiksel wat mekaar by die middelpunt kruis (raadpleeg diagram). Knip oorblywende lint in agt ewe lang stukke. Dié stukke sal ongeveer 36 cm lank wees. Werk lint aan sirkel vas soos op foto gesien kan word om strikke te kan bind.

TAFELMATJIES

BENODIGDHEDE: Vir een tafelmattjie: 'n stuk wit katoenstof, 34 x 70 cm; stuk watteersel, 34 x 34 cm; die volgende hoeveelhede OFFRAY-satynlint: 1,50 m pienk, 9 mm breed; 1,50 m blou, 9 mm breed; 1,50 m wit, 9 mm breed; 1,30 m wit, 15 mm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Knip 2 agthoekige stukke



TAFELMAT-EN-VATLAPSTEL (Bl. 79)

rafelrand 1 cm breed na regte kant om. Stik lint aan tafeldoek vas soos op foto gesien kan word.

SERVETTE

BENODIGDHEDE: Vir een servet: pienk katoenstof, 36 x 36 cm; 1,5 m OFFRAY-satynlint, 15 mm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Vou die rafelrande 1 cm breed na regte kant om. Stik lint op rafelrand in posisie vas (raadpleeg foto).

BOLLETJIEHOUER

(Diagram bl. 127)

BENODIGDHEDE: 'n stuk pienk katoen-

materiaal en een agthoekige stuk watteersel van dieselfde grootte. Plaas watteersel tussen dié twee stukke materiaal met regte kante van materiaal na buite. Stryk kreukels na kante toe uit. Ryg al drie stowwe aan mekaar vas om dit in posisie te hou. Deurstik dit sodat stiksel 'n traliewerk vorm (raadpleeg foto). Die rye stiksel moenie meer as 2 cm uitmekaar wees nie. Knip rafelrand netjies.

Stryk wit lint (15 mm breed) oorlangs dubbel, regte kant buite. Boor rafelrande van tafelmattjie met dié lint om.


Vleg pienk, blou en wit linte van 9 mm breed. Werk vlegsels, met die hand aan regte kant van tafelmattjie, bo-op omboorsel vas.

Vou uiteindes van vlegsel na verkeerde kant om en werk netjies in posisie vas.

TEEMUS

(Diagram bl. 127)

BENODIGDHEDE: wit katoensof, 70 x 70 cm; stuk watterseel, 35 x 70 cm; die volgende hoeveelhe OFFRAY-satynlint: 2,50 m blou, 9 mm breed; 2,50 m pienk, 9 mm breed; 1 m pienk, 9 mm breed; 70 cm wit, 15 mm breed.



BADKAMERSTEL

(Bl. 81)

AANWYSINGS: Knip vier pante volgens diagram uit wit katoensof en twee uit watterseel.

Plaas een stuk watterseel tussen twee stukke katoensof met regte kante van katoensof na buite. Deurstik soos tafelmattjies.

Stik pienk en blou lint aan regte kant op dié twee gekwilde pante vas soos op foto gesien kan word. Met regte kante opmekaar, stik sy- en topnate van teemus toe. Eind-

punte van lint moet ooreenstem. Werk naat netjies af. Dop teemus na regte kant om.

Boor onderste rand met wit satynlint (15 mm breed) om.

Vleg oorblowende pienk, blou en wit linte. Werk dié vlegsel met die hand aan regte kant van teemus op onderste rand vas.

EIERMUS

(Diagram bl. 127)

BENODIGDHEDE: Vir een eiermus: Stuk wit katoensof, 17 x 48 cm; watterseel, 17 x 24 cm; die volgende hoeveelhe OFFRAY-satynlint: 30 cm blou, 9 mm breed; 30 cm pienk, 9 mm breed; 30 cm wit, 15 mm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Knip volgens diagram en maak soos uiteengesit vir teemus.

Die eiermus het nie vlegselsversiering nie. Raadpleeg foto vir posisie van lint.

DIE SEEKOEITJIES

(Foto bl. 77)

BENODIGDHEDE: Fiesta Hunky (50-g-bolle); 2 bolle hoofkleur (H) en 1 bol kontras-kleur (K), plus resbietjies in paar verskillende kleure; hekelpen van 5 mm; skuimrubberbrokkies vir stopsel.

MATE: Ongeveer 27 cm hoog; indien 'n kleiner speelding verlang word kan Fiesta Kwik-Knit en 'n 4-mm-hekelpen gebruik word.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; vermin - verminder; vlg - volgende; st - steek.

AANWYSINGS: Sal steeds uiteengesit word in volgorde van: pote (kop; lyf):

Begin met 3ks.

1e rondte: 8(9; 11)ks in 1e van 3ks.

2e rondte: 2kb in elke kb.

3e en 4e rondte: kb in kb.

5e rondte: 2kb in elke kb — 32(36; 44)kb.

6e tot 16e(28e; 30e) rondte: kb in kb, maar

slaan by 8e(14e; 15e) rondte oor na 'n tweede kleur.

Vlg rondte: (vermin) * (steek hekelpen in vlg st, garing rondom hekelpen en trek steek uit) 2 keer, garing rondom hekelpen en voltooi die kb *; herh van * tot * rondom.

Vlg rondte: kb in kb.

Vlg rondte: Vermin soos uiteengesit.

Laaste rondte: gs in elke kb, trek garing styf vas, laat ongeveer 25 cm los hang om mee vas te werk.

ROOI ROSE, 21 September 1983 79

ORE: 5ks, 1kb in 2e, 3e en 4e ks, 3kb in laaste ks, 4kb in ander kant van die 4ks, draai.

2e ry: 5kb, 3kb in vlg st, 5kb, draai.

3e ry: 6kb, 2kb in vlg kb, 6kb, draai.

4e ry: kb in elke kb, knip garing af.

AFWERKING: Vul alle dele op; merk 'n sirkel van 2,5 cm deursnee waar pote vasgework moet word, werk dit dan daar vas. Werk kop aan lyf vas, werk kop toe. Werk ore aan, borduur oë, neus en bek soos op foto.

TAFELMAT-EN-VATLAPSTEL

(Foto bl. 78)

Met een patroon kan jy twee stelle maak, deur die motief af te wissel.

BENODIGDHEDE: Elle Summer Breeze van Nortex, (50-g-bolle of 250-g-keëls, suiwer katoen), 450 g wit en 50 g groen, paar gram rooi en geel; hekelpen van 2 en 3 mm; 20 x 20 cm wit linne (vir servette).

MATE: Plekmatte 38 x 35 cm; ronde matjie of vatlap 18 cm deursnee; vierkante matjie of vatlap 17 x 17 cm;

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; st(e) - steek (steke); sp - spatie; herh - herhaal; p - picot; (= drie kettingsteke en glijpsteek in eerste kettingsteek).

MET KAKTUSMOTIEF

(Diagram bl. 81)

TAFELMAT: Met wit dubbel gebruik en 3-mm-hekelpen hekel 76ks.

1e ry: Steek pen in 2e ks vanaf pen en hekel 75kb in ry; hekel 60 rye kb.

Omranding: Met groen en garing dubbel, 3-mm-hekelpen, hekel rondom al 4 die kante soos volg:

1e rondte: Deurgaans kb.

2e rondte: *1lb, 1ks, slaan 1 st oor*; herh van *tot* tot einde van rondte, hekel (1lb, 1ks) 3 keer in elke hoek-st.

3e rondte: *2kb in vlg sp: (2kb, 1ks); in daaropvlg sp; herh van * rondom.

4e rondte: *(1kb, 5ks) in 1-ks-sp; herh rondom.

Laaste rondte: *3kb, 1p, 3kb; herh rondom.

VIERKANTIGE VATLAP: Met wit dubbel gebruik en 3-mm-pen hekel 28ks.

1e ry: 27kb, 1ks. Hekel so voort vir 24 rye.

Omranding: Soos vir plekmat, maar met garing enkel en hekelpen van 2 mm.

RONDE VATLAP: Met wit dubbel gebruik en 3-mm-hekelpen hekel 6ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 12kb in ring; hekel 12 rondtes kb in agterkant van ste en vermeer hier en daar om werk plat te hou.

Omranding: Soos plekmat, maar met garing enkel en hekelpen van 2 mm.

2e rondte: *1lb, 2kb, slaan 1 st oor; herh rondom.

SERVET: Soom ½ cm aan al 4 die kante van linne om.

Met groen garing enkel gebruik en gewone naald, borduur kombers-st rondom rand. Hekel dan soos vir plekmat, maar met garing enkel en 2-mm-hekelpen.

AFWERKING: Raadpleeg diagram, hekel en borduur kaktus met rooi, groen en geel
BLAAI OM

VAN BLADSY 79

soos hierna uiteengesit op albei vatlappe en plekmat, asook op servet.

KAKTUSMOTIEF: Blompot: Met rooi, hekel 9 ks.

1e ry: kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke vlg st.

2e ry: Vermeer 1 st aan weersk van ry — 10kb.

3e, 4e en 5e ry: 10kb.

6e ry: Vermeer 1 st aan weersk — 12kb.

7e ry: Met rooi, 2kb. Heg vas, voer rooi aan agterkant van werk saam, hekel 8kb, met rooi, 2kb.

8e ry: Met 12kb.

Kaktus: Hekel 'n groen ketting en werk met naald en garing aan blompot vas; borduur met geel en rooi kettingsteke om vrugte en blomme voor te stel.

Blompotjie: Op vatlappe en servette: 7ks, kb in 2e ks vanaf pen.

Vermeer 1 st aan weersk van 2e, 3e en 5e ry. Werk af soos groot blompot.

MET TURKSVYMOTIEF

(Diagram bl. 81)

Tafelmat, vierkantige en ronde vatlap en servet soos uiteengesit op bl. 79.

AFWERKING: Soom soos eerste stel, maak motiewe soos vir kaktusblompot, maar vorm 'n turksvy (raadpleeg diagram), met rooi, liggroen, donkergroen en oranje.

TAFELMATJIES EN SERVETTE

(Foto bl. 79)

TAFELMATJIES

BENODIGDHEDE: Vir een matjie
Stukke kartonplank, skuimrubber en vilt van 20 x 30 cm elk; stuk bedrukte katoenstof, 30 x 40 cm; 1 m stoffeerkkoord; 1 m skuinsband, ongeveer 4 cm breed, in 'n kontras-kleur; geskikte gom.

AANWYSINGS: Knip verlangde vorm uit kartonplank, skuimrubber en vilt. Meet



IDEES VIR 'N KERMIS



KLEURIGE BORS LAPPIES (Bl. 118)

omtrek van kartonplank en teken dié mate aan.

Maak biesboorsel van stoffeerkkoord en skuinsband. Knip biesboorsel tot omtrek van matjie plus 2 cm. Las uiteindes van biesboorsel netjies aanmekaar.

Plaas skuimrubber op kartonplank. Plaas bedrukte stof op skuimrubber met regte kant bo. Plak rafelrande van katoenstof op agterkant van matjie vas. Laat gom droog word.

Plak biesboorsel op agterkant van matjie al om buitenste rand vas, soos op foto gesien kan word.

Plak vilt op agterkant van matjie oor rafelrande van bedrukte katoenstof en biesboorsel vas.

SERVETTE

BENODIGDHEDE: Vir een servet: 'n Stuk katoenstof van 40 x 40 cm, dieselfde kleur as matjies se biesboorsel; bypassende garing.

AANWYSINGS: Werk rafelrande met 'n skulprand soos volg af: plaas katoenlap met verkeerde kant onder, op 'n vel papier en stik 'n skulprand met naaimasjien met bypassende garing. Trek papier versigtig van servet af. Knip rafelrand netjies.


BADKAMERSTEL

(Foto bl. 79)

HANDDOEK

BENODIGDHEDE: Vir een handdoek: stuk handdoekstof, 80 x 120 cm; twee stukke bedrukte katoenstof, elk 14 x 80 cm groot; twee stukke aanstryk-tussenvoering, 14 x 80 cm groot; 3,25 m katoenkant; bypassende garing.

AANWYSINGS: Soom rafelrande van handdoekstof 1 cm breed na verkeerde kant om.



ROOI ROSE, 21 September 1983 81

BADHANDSKOEN

(Diagram langsaan)

BENODIGDHEDE: stuk handdoekstof, 25 x 40 cm; 35 cm katoenkant, 5 cm breed; bypassende garing.

AANWYSINGS: Vergroot patroon op grafiekpapier en knip handskoen uit.

Met regte kante van materiaal opmekaar, stik al om rand van handskoen en los boonste rand ongestik. Werk naat netjies af. Dop handskoen om na regte kant en stryk plat.


Soom boonste rafelrand 1 cm breed na verkeerde kant om. Stik katoenkant in posisie op boonste rand vas (raadpleeg foto bl. 79)

MUURBEHANGSEL

(Foto bl. 80)

BENODIGDHEDE: 2 stukke roomkleurige katoenstof, 45 x 60 cm groot; stuk watteersel van 45 x 60 cm; stuk roomkleurige katoenstof, 10 x 45 cm; stuk watteersel, 5 x 45 cm; reslappe vir appliek-

DIAGRAM VIR MUURBEHANGSEL



werk; aanstryk-tussenvoering; bypassende garing.


AANWYSINGS: Ryg watteersel op verkeerde kant van een stuk katoen van 45 x 60 cm vas.

Doen nou eers appliekwerk. Vergroot appliekpatroon soos verkies en knip onderdele uit vatlappe. Stryk aanstryk-tussenvoering op verkeerde kant van appliekonderdele vas. Plak appliekonderdele nou met geskikte gom vas op regte kant van stuk katoen waaraan watteersel vasgeryg is om ontwerp soos op foto te vorm. **Gebruik so min gom as moontlik.**



Plaas behangsel met watteerselkant op 'n vel papier en stik sigsagsteek met bypassende garing vir elke deel, oor rafelrande van onderdele van ontwerp, al met buitelyne langs. Trek papier van rugkant af, wanneer werk voltooi is.

Om behangsel te voltooi: Stryk roomkleurige stuk katoen van 10 x 45 cm oorlangs dubbel met regte kant buite. Ryg watteersel aan verkeerde kant op een helfte vas. Met verkeerde kante weer opmekaar, stik lang kant toe. Dop om na regte kant en stryk rande plat. Knip dié strook nou in drie stukke, elk 15 cm lank. Vou elke stukkie in die dwarsste dubbel om lusse te vorm. Speld lusse in posisie vas aan regte kant van lap met appliekontwerp (raadpleeg foto). Plaas

NA BLADSY 118



VATLAPPE (Bl. 119)



Plaas 'n stuk aanstryk-tussenvoering op verkeerde kant van albei stukke katoenstof. Stryk vas. Stryk rafelrande 1 cm breed na verkeerde kant om. Stik katoenkant op lang kante van bedrukte katoenstof in posisie vas.

Speld en stik bedrukte katoenstof in posisie op handdoekstof vas (raadpleeg foto bl. 79)

GASTEHANDDOEK

BENODIGDHEDE: Vir een handdoek: stuk handdoekstof, 55 x 80 cm; twee stukke bedrukte katoenstof, elk 7 x 55 cm groot; twee stukke aanstryk-tussenvoering, elk 7 x 55 cm groot; 2,25 m kant; bypassende garing.

AANWYSINGS: Volg aanwysings vir handdoek.

IDEES VIR 'N KERMISS

VAN BLADSY 81

oorblywende roomkleurige lap op appliek-ontwerp sodat hoeke en sye van reghoekige lappe ooreenstem. Stik nate rondom toe, maar laat 'n opening van 25 cm. Dop behangsel om na regte kant en stryk nate plat. Stik rye stiksel rondom behangsel in kontraskleur om behangsel af te rond (raadpleeg foto). Steek 'n houtstok deur die lusse en hang behangsel daarmee op.

KLEURIGE BORS LAPPIES

(Foto bl. 80)

BENODIGDHEDE: Vir elke borslap: Ongeveer 45 g wit Pingouin Nr. 5 en paar gram elk van kleure soos genoem waar van toepassing; hekelpen van 2,50 mm of soos benodig; breinaalde van 3 mm.

MATE: 33,5 x 19 cm.

AFKORTINGS: Hekel: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); jacquard-kb - jacquardkortbeen, dit wil sê, trek die laaste lus van kortbeen van eerste kleur saam deur met eerste kortbeen van volgende kleur en vang die kleur wat aan agterkant lê en voer dit aan agterkant saam om gate te voorkom; weersk - weerskante.

Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ms - mossteek (een regs, een aweregs en verspring in volgende ry); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs).

KONYNTJIES

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 5: Wit, rooibruin, liggroen, pienk, geel; hekelpen van 2,50 mm.

AANWYSINGS: Beginry: Met wit 64ks; hekel 28 rye kb.

Begin jacquardwerk, raadpleeg diagram, let op drade aan agterkant.

Wanneer kleurmotief voltooi is, hekel nog 30 rye kb met wit. Laat daarna middelste 20 ste ongewerk en hekel nog 29 rye op ste aan weersk.

Hekel 30ks vir elke bandjie en dan 1 ry kb oor ks. Werk bandjies aan weersk van hals vas en hekel rondom buitenste rand van borslap soos volg:

1e rondte: Met rooi *1kb, 1ks, slaan 1 st

oor; herh rondom.

2e rondte: Met groen, *1kb in st wat in vorige rondte oorgeslaan is, 1ks; herh van * rondom.

KUIKENTJIES

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 5 wit, paar gram geel, groen, rooi, blou, roesbruin; breinaalde van 3 mm.

AANWYSINGS: Met wit, stel 60 ste op en brei 4 rye ms.


Slaan oor na ks vir middelste 52 ste maar hou eerste en laaste 4 ste van elke ry in ms.

Brei 20 cm op dié manier, slaan dan oor na ms vir alle ste (die middelste 28 ste bygereken) en brei 4 rye.

DIAGRAM VIR KLEURIGE BORS LAPPIES (Langsaan)

KONYNTJIES

- × — dowwe pienk
- — groen
- // — rooi
- 9 — geel
- o — rooibruin



KUIKENTJIES

- 9 — geel
- — groen
- o — rooi
- # — blou
- // — roesbruin

Nuwe verdunbare Cobra Once Over

Sit die vuil in die emmer en die glans op die vloer.

Om u wasbare vloer skoon en blink te kry, is nou so maklik as om dit met 'n sponsbesem te vee. Met nuwe Cobra Once Over, die vloerreiniger wat tegelyk skoonmaak en poleer.

Om die vloer tegelyk skoon en blink te maak, gebruik Once Over verdun. Drie doppiesvol in 'n derde emmer water was die vuilheid weg. Al wat agterbly, is Once Over se lieflike glans wanneer dit droog word.

As u die vloer die eerste keer blink maak, gebruik Once Over in onverdunde vorm. Geen vryfwerk is nodig nie. Versprei dit net egalig oor die vloer en laat droog word om u daardie diep, skitterende glans te gee.

Om die glans daarna te behou, is eenvoudig. Verdun net 'n bietjie Once Over in water en vee met 'n sponsbesem. Dit sit die vuil in die emmer. En laat die glans op die vloer.

'n Klein bietjie Cobra Once Over maak baie, baie skoon.

Heg daarna middelste 20 ste af en brei kante afsonderlik. Hou 1e en laaste 4 ste van elke ry steeds ms, brei nog 16 rye. Brei 4 rye ms oor alle ste.

Heg eerste 11 ste af, brei voort in ms oor oorbl 4 ste vir 16 cm om bandjie te voltooi. Heg af.

Voltooi 2e helfte op dieselfde manier.

Borduur motief in duplikaat-st, raadpleeg diagram. Borduur 'n randjie net binnekant buitenste rand van borslappie om 'n raam te vorm.

VATLAPPE

(Foto bl. 81)

BENODIGDHEDE: Vir elke vatlap: *Elle Summer Breeze* van Nortex (suiwer katoen, 50-g-bolle; ongeveer 25 g hoofkleur en paar gram elk van kleure soos uiteengesit; hekelpen van 3 mm.

MATE: Elke vatlap is ongeveer 18 cm lank.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; gs - glipsteek; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; herh - herhaal; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; beg - begin; verlengde kb: Steek pen in steek 2 rye onderkant steek wat gehekel word en trek 'n lus op; hekel dan kortbeen soos gewoonlik.

VROUTJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g wit, paar gram elk rooi, bruin, groen, oranje, geel en blou Summer Breeze; hekelpen van 3 mm.

AANWYSINGS: Met wit hekel 12ks.

1e rondte: Beg in 2e ks vanaf pen, hekel




DIAGRAM VIR HANSWORS (Bl. 76)

10kb in 1e kant van ketting, 3kb in 11e ks, en aan ander kant van basisry 10kb, 3kb in 1e ks.

2e rondte: 10kb, 2kb in vlg kb, 1kb, 2kb in vlg kb, 10kb oor tweede kant, 1kb in punt, 2kb in vlg kb.

3e-18e rondte: Deurgaans kb, vermeer 4 ste in elke rondte soos uiteengesit (1 st bokant elke vermeer van vorige rondte) en vermeer ook 2-4 ste in elke rondte soos benodig om werk plat te hou.

19e rondte: Slaan oor na groen; * 1 verlengde kb, 1 gewone kb; herh vanaf *. Hekel aan einde van rondte nog 17 ekstra ks, gs om ring aan vatlap te vorm, 20kb in ring en knip garing af.

Voete en bene: Met bruin, 7ks, dan 2 rye van 6kb elk.

3e ry: 3kb, met bruin, 3kb met geel.

4e-8e ry: 4kb in elke ry, met geel.

ROMP: Met rooi, 20ks.

1e-10e ry: Deurgaans kb, vermin 1 st in elke ry.

Lyf: Met blou, 8kb in elke ry vir 5 rye.

Hals: Met wit, 2 rye kb.

KOP: Met wit, 4ks.

1e ry: 8kb in 4ks, dan 12kb in 8kb, 18kb in 12kb.

HARE: Met bruin, 7kb.

2e ry: 9kb in 7kb.

3e ry: 11kb, maar in 6e en 7e st hekel 2kb, draai, 3kb, draai, 2kb.

ARMS: Met wit, 5ks, daarna 2 rye van 4kb elk.

MOUE: Met rooi, 4ks, sluit met gs om-ring te vorm; 8kb in ring en knip garing af.

MANDJIE: Met bruin, 6ks; dan 5kb in 6ks; 7kb in 5kb, 8kb in 7kb, 8kb in 8kb en knip garing af.

Handvatsel: Met bruin, 10ks.

Raadpleeg foto om dele aan lappie vas te werk. Borduur oë met swart en mond met rooi garing.

VLINDER

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g wit, paar gram elk rooi, ligblou, donkerblou, geel, oranje en bruin Summer Breeze; hekelpen van 3 mm.

AANWYSINGS: Met wit, 12kb.

1e rondte: Beg in 2e ks vanaf pen met 10kb

NA BLADSY 126



IDEES VIR 'N KERMIS

VAN BLADSY 119

aan 1e kant van basisry, 3kb in 11e ks, 10kb aan ander kant van basisry en 3kb in 1e ks.

2e rondte: 10kb, 2kb in vlg st, 1kb in daaropvlg st, 2kb in daaropvlg st, 10kb, 2kb in vlg st, 1kb in punt, 2kb in daaropvlg st.

3e-18e rondte: Deurgaans kb, vermeer 4ste in elke rondte (1 st bokant elke vermeer van 1e rondte) vermeer ook 2-4 ste in elke rondte soos benodig om werk plat te hou.

19e rondte: Met blou, * 1 verlengde kb, 1 gewone kb; herh van * rondom.

20e rondte: Met rooi, deurgaans kb.

21e rondte: Met blou, deurgaans kb.

Lus: Hekel aan einde van rondte nog 17ks, sluit met gs om ring aan vatlap te vorm; 20kb in ring, knip garing af en werk netjies af.

BLOM: Met geel, 7ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 10kb in ring.

2e rondte: * 1kb, 3ks, slaan 1 st oor; herh rondom.

3e rondte: Met blou (1kb, 1h1b, 1lb, 1h1b, 1kb) in elke sp.

Hekel nog 2 sulke blomme, maar met verskillende kleure.

VLINDER: Met rooi, 16ks, dan 15kb oor 1e kant van basisry, draai, 15kb in 2e kant.

Groot vleuels: Met geel, 8ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: (1kb, 1ks, 1kb) 8 keer in ring.

2e rondte: Met ligblou, 16kb.

3e rondte: Met donkerblou, 20kb.

Klein vleuels: Met ligblou, 8ks, sluit met gs om ring te vorm, 8kb in ring.

2e rondte: Met geel, 16kb in 8kb.

Voelers: Met bruin en ks, hekel voelers.

Raadpleeg foto om dele aan lappie vas te werk.

MANNETJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g groen en paar gram elk oranje, bruin, wit en geel Summer Breeze; hekelpen van 3 mm.

AANWYSINGS: Met liggroen, hekel 12ks, dan 10kb aan 1e kant van basisry, 3kb in 11e ks, 10kb aan 2e kant van basisry, 3kb in 1e kb.

2e rondte: 10kb, 2kb in vlg kb, 1kb in punt, 2kb in vlg st, 10kb, 2kb in vlg st, 1kb in punt,

2kb in vlg st.

3e-18e rondte: Deurgaans kb, vermeer 4 ste in elke rondte soos uiteengesit en vermeer ook 2-4 ste in elke rondte soos benodig om werk plat te hou.

19e rondte: Met wit hekel * 1 verlengde kb, 1 gewone kb; herh van * rondom.

20e rondte: Met oranje, deurgaans kb; hekel aan einde van rondte 17ks, sluit met gs om ring van vatlap te vorm; 20kb in ring, knip garing af wen werk netjies af.

BENE EN VOETE: Met oranje, 9ks, dan 8kb in 9ks, nog 3 rye van 8kb elk. Slaan oor na bruin en hekel 7 rye kb.

Hekel 2e been op dieselfde manier en hekel daarna oor alle ste van albei bene (16kb); 8 rye kb, vermin 1 st aan weersk van 2 rye — 12kb bly oor.



Vlg ry: Slaan middelste 2 ste oor, hekel 3 rye oor laaste 5kb, knip garing af. Heg garing weer aan 2e stel van 5kb vas en hekel 3 rye kb. Knip garing af.

ARMS (2): Met wit, hekel 10ks, dan 3 rye kb en heg af.

SAKKE (2): Met geel, 7kb, dan 5 rye van 6kb elk.

DIAGRAMME VIR NUTTIGE KOMBUISVERSIERINGS (Bl. 77)

APPLIEKONDERDELE



HALS: Met wit, 2kb in 1e ry, 3kb in 2e ry, 4kb in 3e ry.

KOP: Met wit, 4ks, sluit met gs om ring te vorm, 8kb in ring, dan 12kb in 8kb, daarna 18kb in 12kb; knip garing af.

HARE: Met bruin, in boonste 8 ste van kop: 3gs, 2kb, 3gs.

BARET: Met geel, 11ks; dan 10kb in 11ks.

Vlg ry: Deurgaans kb.

3e ry: 7kb in vorige ry, raadpleeg foto vir vorming.

4e ry: 6kb in 7kb, dan 5kb in 6kb vir 5e ry en 4gs vir 6e ry. Raadpleeg foto om dele aan vatlap vas te werk. Borduur oë met swart en mond met rooi garing.

KERSIES

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g geel en paar gram elk bruin, rooi en groen Summer Breeze; hekelpen van 3 mm.

AANWYSINGS: Met geel, 12ks.

1e rondte: 10kb in eerste 10ks, 3kb in 11e ks, 10kb aan ander kant van basisry, 3kb in 1e ks.

2e rondte: 10kb, 2kb in vlg st, 1kb in punt, 2kb in daaropvlg st, 10kb, 2kb in vlg st, 1kb in punt, 2kb in daaropvlg st.

3e-18e rondte: Deurgaans kb, vermeer in elke rondte 4 ste bokant vermeer van vorige rondte soos uiteengesit en vermeer ook 2-4 ste soos benodig om werk plat te hou.

19e rondte: Met rooi, deurgaans kb.




20e rondte: Met blou, * 1 verlengde kb, 2 gewone kb; herh van * rondom. Hekel aan einde van rondte nog 17ks, sluit met gs om ring aan vatlap te vorm, 20kb in ring, knip garing af en werk netjies af.

KERSIES: Met rooi, 4ks, gs om ring te vorm.

1e rondte: 8kb in ring, dan 12kb in 8kb en

DIAGRAM VIR TAFELLINNE (Bl. 78)

BOLLETJIEHOUER



18kb in 12kb.

Hekel die 2e en 3e kersie op dieselfde manier.

Steeltjies: Met groen, 2 steeltjies van 8ks elk en 1 van slegs 4ks.

Blaar: Begin met 8ks en hekel aan 1e kant van basisry: Slaan 1e ks oor, 1kb, 1h1b, 3lb, 1h1b, 1kb; aan ander kant van basisry, 7kb. Knip garing af.

Hekel 2e blaar op dieselfde manier. Met bruin, hekel 13ks, slaan 1e ks oor, hekel 12kb, draai werk om en hekel 7kb. Werk kersies aan steeltjies vas, raadpleeg foto, en werk voltooide motief aan vatlappe vas.

GENIET JOU ONTBYT

(Foto bl. 133)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g Elle Summer Breeze (50-g-bolle, suiwer katoen) van Nortex; hekelpenne van 2 mm en 3,50 mm.

MATE: Om oor deursneegrootte teepot en eiers te pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; h1b - halflangbeen; herh - herhaal; beg - begin; ls(e) - lus (lusse); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; RK - regte kant.

Kortbeenriwwe: 1e ry: kb tot einde.

2e ry: RK voor, kb in voorkant van ls.

3e ry: kb in agterkant van ls. Die 2e en 3e ry vorm riefmotief.

Reliëflangbeen: Garing oor hekelpen, steek pen horisontaal van regs na links in steek van vorige ry soos aangedui deur pyltjie op diagram, trek 'n lus uit, garing oor hekelpen trek deur 2 lusse, garing oor hekelpen en trek deur laaste 2 lusse.

NA BLADSY 133

free
FREE GUM
free

NUWE CARE*FREE.


DIE SUIKERVRY KOUGOM

MET SELFS MEER SMAAK

Nuwe Care*free-kougom is nou beter as ooit tevore. Met sewe geure, so heerlik - dis 'n fisiese sensasie. Want terwyl ons die suiker uitgehaal het, het ons meer smaak ingesit.

Nou is dit nie 'n pragtige idee nie!

DIAGRAM VIR TEEMUS



- ☒ - 1 kortbeen
 - 1 reliëflangbeen. Dit word gehêkel in die rondte waar bokant van teken voorkom; die hekelpen word in die steek wat deur pyltjie aangedui word, gesteek.
 - Verminder 1 steek; steek hekelpen in vorige ry, trek 'n lus op, steek pen in vlg steek, trek nog 'n lus op, garing rondom hekelpen en trek deur albei lusse op pen.

TEEMUS

Dit is koepelvormig, en bestaan uit 10 panele en 10 diamantvormige motiewe.

Met hekelpen van 3,50 mm en garing dubbel gebruik, hekel 120ks en sluit met gs om ring te vorm.

Hekel voort in kb-riiwe, raadpleeg diagram.




GENIET JOU ONTBYT (Bl. 127)

Diagram toon 1 baan; herhaal dit 10 keer in rondte.

Wanneer 4e ry gehêkel word begin diamantmotief deur reliëf-lb te hekel; steek hekelpen deur st van 1e rondte.

DIAGRAM VIR EIER-MUSSIE

Raadpleeg teemusdiagram vir sleutel



Begin vermin by 30e rondte. Eindig met 2kb tussen elke 2 riiwe wat deur reliëf-lb gevorm word. Hekel nog 1 rondte kb, slaan 1kb in elke baan oor, 20kb. Knip garing af en heg af.


Versiersel aan bopunt: Met garing vierdubbel hekel 70ks en maak 4 lusse, werk hulle aan bopunt vas.

EIERMUSSIE (4)

Met 2-mm-hekelpen en garing enkel gebruik, hekel 48ks en werk voort soos teemus, maar hekel slegs 1 diamantmotief en hekel riiwe soos op diagram aangetoon.


Koordjie aan bokant. Met garing enkel, hekel 44ks, werk aan bopunt vas om 4 lusse te vorm.

-vir-die-sous te sê nie.



Die probleem met 'n sous is dat mens dit moet maak terwyl alles nog dopgehou moet word. En die gevolg is dat selfs voorslag-kokke 'n manjifieke maaltyd van vleis en groente voorberei - met 'n somer-so sous daarby.

Nou sorg Knorr se Bruin Uiesous dat alles perfek is. Dis gou en maklik om te maak, het net die regte dikte, is lieflik glad en het 'n perfekte smaak. Elke keer.



Die smaakmakers

Knorr